# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* DR. MARIETJIE NELSON

Vol. XVI | NOVEMBER 2022 | No. 05


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

Psalm 77:1-11

1. Ek roep na God om hulp, ek roep na God, want Hy sal my hoor.
2. In my nood soek ek hulp by die Here; ook in die nag bly my hande in gebed uitgestrek sonder om moeg te word; maar ek vind geen troos nie.
3. Ek dink aan God en ek sug, ek dink na en ek is verslae. Sela.
4. U laat my wakker lê, ontsteld en sprakeloos.
5. Ek dink aan vroeër dae, aan jare lank gelede.
6. As ek so in die nag lê en terugdink en peins, vra ek my af:
7. "Sal die Here vir altyd verstoot?
8. Het daar vir altyd 'n einde gekom aan sy trou? Geld sy beloftes dan glad nie meer nie?
9. Het God vergeet om medelye te hê? Het Hy in sy toorn sy ontferming onttrek?" Sela
10. En ek sê: "My grootste smart is dat die Allerhoogste nie handel soos voorheen nie."
11. Ek wil dink aan die dade van die Here, ja, ek wil dink aan u wonderdade van vroeër.

# DIE HERE SAL JULLE OOK SEËN!

**Die God van jou vader sal jou help, Josef, die Almagtige sal jou seën, Hy seën jou met reën uit die hemel, met water diep onder die grond uit, met moeders wat hulle kinders voed, met baie kinders.** - Genesis 49:25.



*(Die boodskap van die Here gelewer deur Pastoor S. Abraham gedurende die 54ste Verjaardagaandenking van die Echo of His Call Bedieninge)*

In Genesis 49 het die Here al die seëninge openbaar wat deur ons voorvader Jakob aan elkeen van sy 12 seuns gegee is voor sy dood.

Die naam 'Josef' beteken vermenigvuldiging. Die vers wat hierbo aangehaal is, (Genesis 49:25), is die seën wat aan Josef gegee is. In hierdie seën kan ons vier soorte van seëninge onderskei:

(i) Die seëninge uit die hemel,
(ii) Die seëninge wat van diep onder af kom,
(iii) Die seëninge wat verband hou met die moeder wat haar kinders voed,
(iv) Die seëninge wat verband hou met die moederskoot wat baie generasies kan voortbring, hoewel die moeder baie pyn ondervind ten tyde van die geboorte van die kind.

## 1.Hemelse seëninge!

Die seëninge wat uit die hemel kom, is uitnemend. Elke kind van God moet hierdie seën ontvang. Toe ons voorvader Isak sy seun geseën het, het hy eerste die hemelse seën gegee: **"God gee aan jou dou uit die hemel, die rykdom van die aarde: koring en wyn in oorvloed."** Genesis 27:28. Volgens hierdie seën het die Here God ook aan Jakob alles gegee wat deur Isak genoem is. In Genesis 1:1 lees ons, **In die begin het God die hemel en die aarde geskep.** Die Bybel wys dus daarop dat dit die 'hemele' is wat eerste geskep is. God het groot belang gegee aan die

*... verv. op bls. 3*

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## van julle geliefde broer...



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D.

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**CORE LEADERS**
Bro. K. Puratchivendan
Bro. A. Edward Durai
Bro. A. Alvin
Bro. K. Abraham
Sis. Dhanalakshmi Chinnaiah

**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call


**"Die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!"**
**- Numeri 6:26**

Geliefde vriende in Christus Jesus,

Ons groet julle met liefde in die wonderlike naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus.

Deur die oorvloedige genade van God kom die einde van die jaar 2022 vinnig nader. Die mense oral oor die wêreld berei hulleself voor en wag gretig om die geboorte van Jesus Christus te vier en die aanbreek van die nuwe jaar 2023. Aangesien ons geestelike mense is, moet ons hierdie dae ernstig gebruik op geestelike maniere. Ons moet ons besig hou met vurige gebede en ware bedieninge van God.

Gebed en bediening is twee kante van 'n munt. Ons sien baie mense wat besig is in God se bediening maar wat hulle gebedstye verwaarloos. Dit sal uitloop op geestelike uitputting en agteruitgang.

Ek deel met julle 'n kort handgeskrewe gedagte wat God my vanoggend gegee het.

Kameraadskap tussen mense bring soms bitter emosies. Ons is nie volmaakte mense nie, maar ons word elke dag verander tot volmaaktheid. God gebruik mense om ons te slyp en verander as ons oop is vir die Heilige Gees. Maar mense wat altyd bid, sal nie ruimte laat vir woede en vertwyfeling nie.

Die feit dat daar stryery en gekibbel is, kan gewyt word aan die afwesigheid van gebed. 'n Mens wat nie bid nie, is die bron van een van twee dinge, nl. onenigheid of agteruitgang. Omdat Paulus baie goed die uitdagings en moeilikhede geken het wat sou kom uit kameraadskap, het hy 'n streng wet gemaak vir die kerk dat mens moet bid sonder ophou. Timoteus het die verantwoordelikheid



*Key Leaders of our ministry in Chennai*


**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

gekry om hierdie kwessie te hanteer. Toe die apostels besig was om sake in die vroeë kerk te hanteer en dus minder tyd gehad het vir gebed, het hulle moeilikheid, ontevredenheid en tweespalt sien kom. Hulle het dadelik die oorsaak geïdentifiseer – die gebrek aan gebed. Toe hulle die nodige reëlings getref het vir tyd om te bid, het die aangename kameraadskap voortgegaan

(Hand. 6:4).

As die gebed faal, faal die heiligheid. Allerlei soorte sondes tree in – wellustige oë en liggame en trots kom en veroorsaak rampe vir persoonlike redding en die liggaam van Christus in die geheel. Daar is geen tevredenheid nie. Klagtes, gemor, foutvindery, kritiek en verwerping neem toe. Dit is die bitter vrugte van gebrek aan gebed. Twyfel kan die weg baan vir pynlike eindes. Al hierdie dinge gebeur wanneer mense faal in gebed. Kameraadskap val uit mekaar as gevolg van gebrek aan gebed. Gebed is die lewensaar wat die vrug van die Gees voortbring.

## Spesiale program vir ons sleutelleiers.

Ons het 'n spesiale byeenkoms gehad van die sleutelleiers van ons bediening in Tsjennai vir gemeenskap en gebed op die 12de September 2022 vanaf 05.00 die oggend. God het dit geseën. Broers, bid vir ons. (1 Tessalonisense).

God seën julle.

Julle dienaars in Christus Jesus,

PR S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM


(+91) 98412 71858 / 98410 71858, E.mail : samselvaraj333@gmail.com

*....Contd. from page 1*



'hemele'. Toe Abraham getwyfel het aan die belofte wat God hom gegee het, het die Here hom buitentoe geneem en gevra om op te kyk na die hemel.

**Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: "Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan." Verder sê die Here vir hom, "So baie sal jou nageslag wees."** Genesis 15:5. Wanneer ons moeg



word van die lewe in hierdie wêreld, sal ons droefheid in vreugde verander oor die hemelse seëninge wat God ons wys. 'n Klein seuntjie het na Jesus Christus toe gekom. Hy het vyf broodjies gehad en twee vissies. Toe daardie kos in die hande van die Here Jesus Christus gekom het, het dit die honger van meer as 5 000 mense gestil. Hoe het die kos van een klein sentjie so baie honger mense gevoed? Hoe het hierdie wonder gebeur? Is dit nie omdat Jesus Christus die kos na die hemel gelig het en die seën uit die hemel ontvang het nie?

Jesus Christus het tydens sy optrede die gewoonte gehad om op te kyk na die hemel. Die seëninge van die hemel sal die krag van die hemelse woning waar God woon, na die aarde toe bring. Dit was as gevolg van die heerlikheid van die memelse seën dat die kos wat net genoeg was vir 'n klein seuntjie so kragtig kon werk dat dit die honger van duisende mense kon stil.

Kom ons kyk na 'n ander insident wat die heerlikheid van die hemel bewys. Eenkeer het die mense 'n doofstom man na Jesus Christus gebring. In Markus 7:33, 34 lees ons, **Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer. Daarna het Hy na die hemel toe opgekyk, gesug en vir hom gesê: "Effata!" Dit beteken: Gaan oop!** Toe Lasarus siek geword het, het hulle Jesus Christus gevra om te kom en hom gesond te maak. Maar Jesus Christus het nie gegaan om Lasarus te sien toe hy siek was nie, of selfs toe hy gesterf het nie. Hy het by sy huis aangekom vier dae nadat Lasarus gesterf het. Hoewel Lasarus Jesus Christus se geliefde vriend was, het Hy na die graf gegaan toe die liggaam van Lasarus alreeds begin sleg ruik het (Joh. 11:39). Die bybel sê in Johannes 11:41,42 **... Jesus het opgekyk boontoe en gesê: "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. Ek weet dat U My altyd verhoor ..."** So, nadat hy die seën en krag van die hemele verkry het, **het Hy met 'n harde stem geroep, "Lasarus, kom uit!"** (Johannes 11:43). Toe het Lasarus wie se liggaam al sleg geruik het aangesien hy vier dae dood was, lewendig uitgekom. Dis nie 'n probleem vir Jesus Christus hoe groot die probleem is nie. Hy is groter as enige probleem aangesien Hy die Almagtige God is. Die hemelse seën wat die krag van ons Here God bring, is groter as enige probleem. Wat meer is, dit skenk die Koninkryk van God aan almal wat opreg glo. **Toe die volk Israel**

**by Refidim kamp opgeslaan het, het hulle by Moses gekla oor die drinkwater. Daarna het Moses tot die Here geroep:**
(Eksodus 17:5-6).

Toe Jakob uit Berseba vertrek het in die rigting van Haran, het hy in 'n plek gebly soos 'n swerwer wat geen huis het nie. Daar was geen bed of kussing nie. Hy het 'n klip gebruik vir 'n kussing. Hy het daar geslaap sonder om te weet wat die toekoms sou inhou. Hy was 'n beginner in die kennis van die lewe en hy het baie stres verduur. Toe het hy gedroom:**... 'n leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel, en engele van God klim op en af met die leer. Toe kom staan die Here by Jakob…**
(Genesis 28:12,13).

'n Dienaar van God het 'n kerk gebou met plek vir 5000 mense, met al sy spaargeld en offers wat mense gebring het. Binne 'n paar maande het 'n groot storm die kerk getref wat hy gebou het te midde van verskeie probleme, en die gebou het inmekaar gestort. Toe hy God geloof het, hoewel hy baie pyn verduur het, het baie mense met hom gespot. In hierdie moeilike situasie het sommige mense hom genader en gevra, "Kan jy in ons kerk preek?" Hy het hulle versoek toegestaan, want hy het gedink dit kan hom troos. Vir maande lank was hy betrokke by 'n preekbediening daar. Aangesien die mense die heerlikheid van die Here ervaar het waar hy gepreek het, het baie van hulle die dienste begin bywoon. Verskeie mense het Nuwe Lewe gekry. Terwyl hy begin preek het vir 'n skare van byna twee honderd duisend, het hy die sagte stem van die Here baie duidelik gehoor. Terwyl hy na God geluister het met groot blydskap, het die Here vir hom gese, "Jy word nie net benodig vir 5000 mense nie. Ek het jou vorige kerk vernietig omdat ek jou wou gebruik vir honderde duisende mense."

Die Here het die nes vernietig sodat die voël kon leer om op sy eie te vlieg en self te jag vir sy kos. Watter leer het Jakob in sy droom gesien? Aan die bopunt van die leer het hy die Here gesien. Kom ons kyk na Johannes 1:51 sodat ons kan leer van daardie leer: **"Dit verseker Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe."** Die leer is Jesus Christus self. Jesus Christus is die leer deur wie julle gebede na God die Vader geneem word, en wat sy antwoorde ondertoe bring. **Die hare op sy kop was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam. Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei ... In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad ...**Openbaring 1:14-16. Jesus Christus wie se gesig soos 'n helder skynende son was, word 'n leer vir ons en Hy is altyd by ons en beskerm ons en verlaat ons nooit nie. In Job 9:11 lees ons, **"As Hy by my verbygaan, gewaar ek Hom nie, Hy sweef verby, maar ek kom dit nie agter nie."** Wanneer Hy by ons bly, is Hy gereed om ons te seën, maar ons herken dit nie.

## 2. Seëninge van die Aarde!

Wanneer ons die hemelse seëninge ontvang, gee Hy ook die aardse seëninge daarmee saam. Die seëninge van die aarde is baie belangrik. **Nadat die Here op Sinaiberg met Moses gepraat het, het Hy die twee plat klippe met**



**die getuienis daarop aan Moses gegee. Dit is die plat klippe waarop God met sy vinger geskryf het.** (Eksodus 31:18). Nadat Moses die hemelse seëninge ontvang het, het hy die wet van die Here gebring wat op die plat klippe geskryf is, wat die seëning van die aarde is, van die berg Sinai.

....verv. op.bls. 6


# NEHEMIA RESIDENSIëLE
## BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
HAAS JOU VIR TOELATING!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), ONDERSTEUN (Romeine 12:13) & TE BESPOEDIG (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2022 November 19 Tot 2022 Desember 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### SAKE VIR LOF EN DANK

**November 19** ➲ die groei van ons Bybelse Korrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensie-kursus.

**November 20** ➲ ons Gebedsvennote, Intekenaars, Geloofsgenote, Lewenslange vennote, Groot opdragvennote, en hulle gesinne.

**November 21** ➲ dat Hy ons in staat stel om ons koerant in 16 tale te druk op ons drukpers en te publiseer en dit na die sendingvelde te stuur.

**November 22** ➲ die voorsiening in al ons behoeftes in die maand Oktober.

**November 23** ➲ die wonders van God in ons Hospitaalbediening.

**November 24** ➲ ons Moederkerk en wykskerke en die gelowiges daarin.

**November 25** ➲ ons **St. Paul's Matriculation School** se Hoof, onderwysers en ander personeel.

**November 26** ➲ ons senior Pastoor vir sy toewyding om die evangelie te versprei deur veelvuldige bedieninge.

**November 27** ➲ dat Hy ons kerk geseën het met nuwe gelowiges.

**November 28** ➲ dat Hy ons organisasie seën met nuwe werknemers.

**November 29** ➲ dat Hy die leiers se samekoms wat op 12.09.2022 gehou is, geseën het.

**November 30** ➲ dat Hy die gebedsbyeenkoms van alle gelowiges van Chepauk wat op 30.09.2022 gehou is, geseën het.

**Desember 01** ➲ dat Hy al ons personeel en hulle gesinne seën.

**Desember 02** ➲ vir ons assistentredakteurs en hulle samewerking.

**Desember 03** ➲ ons Sondagdienste en Bediening by die moederkerk en wykskerke om die evangelie te versprei onder onbereikte groepe.

### SAKE VIR GEBED

**Desember 04** ➲ eenheid en vrede tussen alle nasies.

**Desember 05** ➲ die personeel en studente van ons **St. Paul's Matriculation School** en **Nehemia Bybel-kollege**

**Desember 06** ➲ die assistentredakteurs van ons **Echo of His Call** en hulle gesinne**.**

**Desember 07** ➲ die veilige bewaring en gesondheid van ons personeel en drukkers op ons perseel reg deur hulle werksure.

**Desember 08** ➲ die goeie gesondehid van die residensiële studente van ons **Nehemia Bybelkollege.**

**Desember 09** ➲ die publisering van ons **Echo of His Call** koerant in Sindhi, Konkani en Manipuri**.**

**Desember 10** ➲ die werwing van geskikte werknemers vir ons organisasie.

**Desember 11** ➲ die verwydering van 'n selfmoordgees onder die jeug.

**Desember 12** ➲ die welsyn van al die lede van ons Moederkerk en wykskerke.

**Desember 13** ➲ dat God in ons behoeftes sal voorsien in hierdie maand.

**Desember 14** ➲ ons vennote in die aktiwiteite van ons bediening en die staatkoördineerders van **Echo of His Call**.

**Desember 15** ➲ die uitbreiding van ons bediening en die wêreldwye verspreiding van die evangelie.

**Desember 16** ➲ die veiligheid van vroue en kinders regoor die wêreld.

**Desember 17** ➲ die sukses van ons senior Pastoor met die skryf van sy outobiografie.

**Desember 18** ➲ goddelike beskerming van ons senior Pastoor S. Sam Selva Raj en die lede van sy gesin teen alle soorte bose magte.

*verv. v. bls.4*

Hierdie seëning van die aarde was nodig om die mense te lei, vir kinders die weg te wys en om die gesin te ondersteun. Omdat Moses gedraai het om van die berg af te kom, het die mense vir Aäron gedwing om 'n gegote kalf te maak en begin om dit te aanbid. Toe Moses dit sien, was hy baie ontsteld en in groot woede het hy die plat klippe neergegooi en hulle gebreek. Dis nie genoeg dat ons net die hemelse en geestelike seëninge ontvang nie. Ons het ook behoefte aan die seëninge van die aarde. Hierdie seëninge sal die pyn, stres en droefheid wegneem. Dit help ons ook om aardse seëninge te ontvang. Hierdie seën kom ook van God. Ons moet verseker hierdie aardse seën ontvang. Ons kan hierdie seën oordra op ons mense, ons kinders en familielede en hulle lei. Baie gesinne kom in groot moeilikheid omdat hulle nie hierdie seën ontvang het nie. Met die idee dat hemelse seën alleen genoeg is, verwerp baie mense aardse seën en breek af wat God hulle gegee het. Dan leef hulle in swaarmoedigheid.

Job het al sy aardse besittings in net een dag verloor. Hy het 7000 skape verloor, 3000 kamele, 500 pare osse, 500 donkiemerries, sy eie seuns, dogters en bediendes op dieselfde dag. Job het geweet dat sy Here God dubbel kon teruggee wat hy verloor het. Hy het geglo dat Hy hom nooit in die steek sou laat nie. Hoewel ons aardse seën kan verloor vanweë die beproewing wat Satan bring, is God in staat om ons dit weer dubbel te gee. **"...Ek sal bronspoorte oopbreek en sluitbalke van yster stukkend kap. Ek sal vir jou die skatte gee wat in die donker gebêre word, die rykdomme wat weggesluit is, sodat jy kan weet dat Ek die Here is."** (Jesaja 45:2-4).

**Die Here het vir Moses gesê: "Kap vir jou twee plat klippe net soos die voriges. Ek sal op die klippe die gebooie skryf wat op die voriges was wat jy stukkend gegooi het."**

(Eksodus 34:1)

As jy die belofte van God of aardse seën verbreek het, verstaan asseblief dat God gereed is om dit aan jou terug te gee. Tree in geloof op. God sal sekerlik in jou behoeftes voorsien.

## 3. Seëninige van die Bors!

Seëninge van die bors dui die moeder aan wat kinders grootmaak. [voed] Josef het die seën van die bors en van die moederskoot ondervind. In 2



Konings 4:8 lees ons van die vrou van Sunem wat 'n gerespekteerde mens was. Sy het die gewoonte gehad om die dienaars van God te bedien. Sy het 'n bovertrek gebou en die dienaars daar laat bly. Sy het in al hulle behoeftes voorsien, ... **"Jy het al hierdie moeite vir ons gedoen. Wat kan ek vir jou doen? ...**2 Konings 4:13 het Elisa gevra. Hieruit lei ons af dat sy die dienaar van God baie goed versorg het. Jesus Christus het vir sy dissipels gesê, **"Elkeen wat vir julle 'n beker water te drinke sal gee omdat julle aan Christus behoort, hy sal beslis die beloning daarvoor kry. Dit verseker Ek julle"** (Markus 9:41). Die hemel erken die diens wat jy bied aan die dienaars van God. Wie is die dienaars van God? Hulle stry vir die verbetering van jou siel en gees. Hulle bid dat jy suksesvol sal wees in jou lewe. Hulle doen verslag oor jou by God in die hemel. **"Die Here is my herder, ek kom niks kort nie"** Psalm 23:1. Die stok wat


# NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 53 jaar**

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**

**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

**HAAS JOU VIR TOELATING!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

in die hand van die skaapwagter is, is nuttig om sagte blaartjies af te buig sodat die skaap dit kan eet. Wanneer die skaap klaar die gras op die grond geëet het, word die stok van die wagter gebruik om die sagte blaartjies van die bome af te trek. Dit is die seën van die bors. Net soos 'n moeder haar kind voed met melk uit haar borste, bring die dienaars van God die seëninge van die Here na die mense. So moet ons die goddelike seëninge ontvang uit die bors van die dienaars van God.

**"... Maar Hanna het geen kinders gehad nie."** 1 Samuel 1:2. **"...omdat die Here haar kinderloos laat bly het."** 1 Samuel 1:6. Hierdie verse vertel vir ons dat dit die Here was wat haar kinderloos gelaat het. Sy het tot die Here gebid en 'n belofte gemaak dat as die Here vir haar 'n manlike kind sou gee, sy hom sou teruggee aan die Here vir al die dae van sy lewe.

1. **'Om 'n kind te ontvang' beteken 'Om die visie van God aan te neem'** – Dit is nie al wat belangrik is nie.
2. **Die kind moet gebore word** – Dit beteken ons moet ingestel wees op die resultaat deur die Here se visie te ontvang.
3. **Dan moet jy die kind opvoed** – As jy eenmaal die visie van die Here ontvang het, moet jy daardie visie opkweek en met groot sorg aan die gang sit.

Die dienaars van God moenie wees soos sommige moeders wat hulle pasgebore babatjies in die asblik gooi nie. Deur die evangelie te verkondig, kan ons die visie van God in ander mense skep. Maar as hulle dit net ontvang het, kan ons hulle nie maar net op hulle eie laat nie. Ons moet dié mense oplei in gees, in die Woord en in die Waarheid. In Genesis 21:8 sien ons dat Abraham se kind gegroei het en gespeen is. Nadat die kind gespeen is, het Abraham 'n groot fees gegee. Nadat iemand in die kerk 'n visie gekry het, moet die dienaars van God hom/haar lei om geestelike waarhede te leer en daarin te groei. Net soos 'n moeder haar kinders met melk voed sodat hulle kan groei, moet die dienaars van God wat die seën van die bors ontvang het, staan in die krag van die Heilige Gees en dit deurgee aan die kerk en die mense en hulle help om te groei. God se kerk moet stewig gebou word. **... die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.** (Matteus 16:18). God se mense moet in God se kerk geplant word. **Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God.** (Psalm 92:13).

## 4. Die seëninge van die moederskoot!

**... Toe Elisa in die huis kom, het die seun daar dood gelê net soos hy op die bed neergelê was. Elisa het die kamer binnegegaan en die deur toegemaak sodat hulle alleen was. Nadat hy tot die Here gebid het, het Elisa op die bed geklim en bo-op die seun gaan lê. Hy het vol op die seun gelê met sy mond op die seun se mond, sy oë op sý oë, sy hande op sý hande, sodat die seun se liggaam warm geword het. Nadat hy 'n keer heen en weer in die huis geloop het, het hy weer op hom gaan lê. Die seun het sewe keer genies en toe sy oë oopgemaak.** 2 Konings 4:32-35.

Dit is ook 'n seën wat die mense ontvang het deur die dienaars van God. Net soos 'n moeder met pyn 'n kind in die wêreld bring, ontvang die dienaars van God die krag van God en aktiveer dit deur die evangelie te preek aan die mense, hulle te help om te groei en hulle aan te spoor om ander mense ook na die kerk te bring en so meer kerke te vestig. Die rol van God se dienaars hierin is belangrik. Watter opdrag hulle ook al van God ontvang, moet sonder versuim uitgevoer word teenoor die

*....verv. op.bls. 9*


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

**Ons bankbesonderhede:**

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60@telkomsa.net**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GOD IS VOLDOENDE!

*... wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie.* Psalm 34:10

Vanaf 1969 toe ons begin het met die **Echo of His Call Bedieninge,** het ons behoefte gehad aan finansies vir ons veelvuldige bedieninge. Ons het geld nodig gehad vir die salarisse van die werkers, papier om op te druk, posseëls, telefoon- en elektrisiteitsrekeninge, huurgeld vir die geboue, vervoer, liefdadigheid, ens.

Vir my persoonlik is my Here Jesus Christus voldoende vir my. Ek het tot op datum nog nooit aan enigiemand se deur of kantoor geklop en geld verwag nie. Dis ook nie my gewoonte om selfs my kerklidmate of vriende te nader en te vra vir finansiële hulp nie. Maar tot nou toe voorsien die Here wat my geroep het, betyds in my behoeftes op sy eie wonderbaarlike manier.

**God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd ...**Prediker 3:11**.**

Gedurende tye van behoefte en moeilikhede, het ek 'n gewoonte daarvan gemaak om sulke situasies te sien as 'my tyd om dit te dra', 'tyd wanneer God my dwing om te bid', en 'n 'tyd om 'n beter verhouding met God te hê in gebed'. Ek het groot wonders geniet na hierdie ondervindings. In sulke situasies het God verskillende mense opgereoep wat ek nie ken nie, om my te help. Verskeie kere het God my en my gesin gevoed deur mense wat ek nie geken het nie!

In 1975 moes ek 300 Indiese Roepees betaal aan Bapuji Press, waar ons koerant Echo of His Call gedruk is. Aangesien ek geen geld voorhande gehad het nie, was daar 'n vertraging in daardie betaling. Op 'n sekere Donderdag het ek vir die bestuurder van daardie drukpers gesê ek sal hom die volgende Maandag betaal. Maar ek het geen bron van inkomste gehad waaruit ek die geld sou ontvang nie. As ek nagelaat het om die geld te betaal, sou ek nie in staat wees om die **Echo of His Call** koerant daardie maand te publiseer en om al die konsekwensies van die regering se kant te trotseer nie, dinge wat my baie gekwel het. Ek het tot God gebid oor my nood en in vrede gewag. Ek het nie die geld wat ek moes hê, gekry voor die volgende Sondag nie.

Maandagoggend, toe ek my posbus gaan oopmaak by die poskantoor, kry ek toe 'n koevert van Nagalapuram, 'n klein dorpie wat tussen Madurai en Tuticorin lê. Daar was 'n Banktjek (ongekruis) vir 300 roepees in die koevert. Daardie geld was genoeg vir my behoefte vir daardie dag. God het my in staat gestel om die geld te betaal wat ek verskuldig was aan die drukpers soos ek belowe het. Eer aan God!



Na baie jare het ek gegaan om daardie persoon te ontmoet in die dorpie Nagalapuram. Tot my verbasing moes ek ontdek hy was 'n arm skoenmaker.

Hy was baie bly om my te sien. Hy het gesê "Meneer, op daardie besondere Donderdag het ek gvoel iemand praat in my hart en oortuig my om 300 roepees te stuur na **Echo of His Call Bedieninge.** Dit was die enigste geld wat ek op die tydstip gehad het. Ek het dus die geld op die Vrydag gestuur en u het dit Maandag gekry."

So doen die Here Jesus Christus wonders in my lewe. Hoewel ons geen permanente finansiële ondersteunng het nie, vervul Jesus Christus in al ons behoeftes deur sulke onbekende mense.

Ja, dit is inderdaad 'n moeilike pad! Nogtans kan ek elke dag getuig van die grootheid van God se heerlikheid. Die Here is my herder. Ek kom niks kort nie.

**Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.** Psalm 23:1.

**Wie verstandig is, laat hom op hierdie dinge ag gee...** Psalm 107:43.

....Contd. from page 7

mense en die kerk. Hulle behoort ook God se opdragte te beskerm.

As ons God se roeping ontvang om Hom te dien, moet ons dit aanvaar en nie terugval nie. Tomas, die dissipel van Jesus Christus, het heeltemal op sy eie na Indië gekom hoewel hy niks geweet het van die taal of die kultuur van Indië nie. Hy kon God se krag openbaar deur sy geloof. As gevolg van sy toegewyde diens, is die heerlikheid van God geopenbaar. Mense het in groot groepe tot bekering gekom. Dit is al genoem dat 300 0000 mense hulle bekeer het. Van hulle is 700 000 vandag in die bediening deur God se genade. As hierdie mense hulle werk goed doen, kan ons ons voorstel hoeveel mense hulle sou bekeer en God se kinders sou word. Om dit te bereik, het ons die seën van die moederskoot nodig. Soos 'n moeder in pyn geboorte geen aan haar baba. Ons kan help dat mense hulle bekeer slegs as ons opreg en toegewyd is in ons roeping tot sy bediening.

2 Konings 4:18 praat van 'n seun wat na sy vader toe gegaan het wat by die maaiers was. Die kind moet groei en die vader dien. Net so, wanneer die kerk of die dienaars van God of lede van die kerk groei, moet hulle ook ander dien. **Skielik het hy vir sy pa gesê: "My kop, my kop!" Sy pa het vir 'n slaaf gesê: "Dra hom na sy ma toe."** 2 Konings 4:19. Net soos 'n kind wat siek word, mag die dienaars van God en die gelowiges probleme in hulle gebedslewe of bediening of kerkbesoek ondervind. Ons moenie sulke probleme ignoreer nie. Dit is 'n siekte wat nie verwaarloos moet word nie. As dit verwaarloos word, kan dit geestelike dood veroorsaak. In hierdie geval is dit wat gebeur het. Die kind het op sy moeder se knieë gesterf. As ons geestelike dood in die gesig staar in ons bediening of in ons geestelike pogings, moet ons na die kerk toe gaan en na ons Here God. Net die moeder alleen kan die kind red. As ons na die kerk toe gaan, sal die Here, wat ons moeder is, ons sekerlik red. Diegene wat dood is kan niks vir God doen nie en hulle kan nie vir Hom hulle lig laat skyn nie.

In Esegiël 47:3-5 lees ons dat die water 500 meter gemeet was. Op daardie stadium was die water enkeldiep. Toe is weer nog 500 meter afgemeet en die water was kniediep. Weer is nog 500 meter afgemeet en toe was die water heuphoogte. Toe daar nog 500 meter gemeet is, was die water soos 'n rivier en die profeet kon nie daardeur nie. Hoekom het God dit geleidelik afgemeet? Die rede is, dis net wanneer ons deurgaan wat God ons gegee het, sal die volgende seën vir ons afgemeet word. Wat God dus hier aan ons openbaar, is dat wanneer ons gebruik wat God gee, sal daar 'n volgende seën na ons toe kom. Slegs wanneer ons behoorlik na ons kerk kyk, of behoorlik doen watter bediening God ons ook al opdra, sal ons God se ryke seën ontvang en groot vooruitgang daarin kan sien.

In Numeri 16:36-38 lees ons: **Daarna het die Here vir Moses beveel: "Sê vir die priester Eleasar seun van Aäron hy moet die vuurpanne wegvat waar die brand was en die kole êrens weggooi, want die kole is aan die Here gewy. Want hulle het dié voor die aangesig van die HERE gebring—daarom is hulle heilig; en hulle sal vir die kinders van Israel 'n teken wees. Van die vuurpanne van die manne wat deur hulle sonde gesterf het, moet julle dun plate maak en die altaar daarmee oortrek,**

Nou is die vuurpanne op 'n ongewenste plek geplaas. Die vuurpanne wat in die heilige plek gehoort het, vind ons nou in die buitenste hof. Die Here het beveel dat die vuurpanne as plate geslaan moes word om die altaar oor te trek. Ons moet besef dat ons geestelike groei die hemel moet bereik en nie onderweg moet stop nie. Ons behoort nie tevrede te wees met een spesifieke geestelike ondervinding wat ons gehad het nie. Ons moet aanhou om geestelik te groei en God te dien sodat ons ingaan in sy koninkryk.

In 2 Konings 4:21-35, 4:21-3 sien ons dat 'n donkie, 'n slaaf, die moeder, die dienaar van God en sy assistent hulle beste probeer het om die dooie kind op te wek. Hierdie vyf persone kan vergelyk word met die evangeliste, apostels, profete, Pastore en onderwysers. Hierdie mense is by uitstek dié wat aan ons die seëninge van die moederskoot kan gee. Drie mense is gebruik om na Elisa, die man dan God, te gaan. Toe het die vierde persoon, Gehasi, die assistent van die profeet Elisa, probeer om die dooie kind te laat herleef met die staf van Elisa. Aangesien hy nie daarin kon slaag om hom op te wek nie, het hulle die kind na Elisa geneem.

**Toe Elisa in die huis kom, het die seun daar dood gelê net soos hy op die bed neergelê was. Elisa het die kamer binnegegaan en die deur toegemaak sodat hulle alleen was.**

2 Konings 4:32-35.

Sy pogings kan vergelyk word met dié van 'n moeder wat geboorte gee aan haar kind met groot pyn en inspanning.

Net so moet die dienaars van God pyn verduur soos die moeder wat geboorte gee. Hulle moet worstel sodat die mense se geestelike lewe nie vernietig word nie.

Die stof wat die kind se asemhalingskanale verstop het, is verwyder toe die kind sewe keer genies het. Die dienaars van God moet ook nie omgee vir die harde werk wat hulle insit vir die mense nie en moet die seëninge van die moederskoot aangee vir die mense.

************

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris**
**Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"**
**on 4th NOVEMBER 2022**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

**To**

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**